# OLOFF DIE SEEROWER

No. 5.



Nog 'n boek in die Sirkel-reeks wat u met graagte sal lees.
Ons land en ons see het soms skitterende pionierswerk, onder baie buitengewone omstandighede, van sy seuns gewerf.
Om ons kuste het byvoorbeeld handelsvaarders met skatryk vragte vanaf die Ooste gekom. In afgeleë skuilplekke het die skuim van die see onverwags op hulle toegeslaan.
Oloff die Seerower is 'n reeks kleurvolle verhale van die verbete stryd om ons kuste. Dit vertel hoedat 'n dapper' eintlik roekelose jong man uitvoering gegee het aan 'n eed om die see van die wetteloses skoon te vee.

Stofomslag: Chris du Plooy

# OLOFF DIE SEEROWER

No. 5.



# Hoofstuk 1

,,Dit is nou die derde eienaardige berig. . . agterdogwekkende verslag. . . wat ek ontvang.'' Die massiewe skouers van die man wat in Deelenbaai as die Admiraal bekend staan, is effens vooroor gebuig waar hy langs die groot ovaaltafel vlakvoor die lang toonbank in die Hanekraai-tappery sit. Sy oë, half verskuil agter die woeste wenkbroue, kyk om hom heen na die vyftien seerowerkapteins om die tafel. 'n Paar van hulle laat hul oë sak en skuifel ongemaklik in hul stoele wanneer die deurborende blik op hulle vestig. Ander buig hul koppe effens sodat die strale van die lamp bo teen die plafon nie hul gelaatstrekke so helder verlig nie. In Deelenbaai ontsien agterdog selfs nie die onskuldigste nie.

,,Maand na maand, jaar na jaar,'' vervolg die Admiraal gedemp, ,,doen die vryrowers van die Indiese Oseaan by Deelenbaai aan. Hier is hulle veilig en word hulle beskerm. Hier verkeer hulle onder mekaar soos broeders.''

,,Daar is baie wat na hul reise nooit weer na Deelenbaai toe terugkeer nie, Admiraal.

Dit is 'n jong kaptein aan die Admiraal se regterhand wat praat. Weens sy posisie so naby aan die Admiraal, is dit duidelik dat hy die heerser van Deelenbaai se volle vertroue geniet. Sy diep blou oë ontwyk ook nie die skerp kyk van die Admiraal nie. Hy sit gemaklik agteroor en sy liggaam lyk ontspan, maar die reguit lippe bo die sterk ken is ferm opmekaar gepers en dui aan dat hy die saak ernstig beskou.

,,Ek weet dit, Oloff!'' roep die Admiraal uit. ,,Ons dag is vol gevare en die nag is dikwels vir ons bloot 'n skuiling teen 'n sluipende onheil. Daar is baie wat nooit weer hier kan rus nie. Maar hulle sterf op die erkende seeroetes waar hulle jag op die ryk, belaaide handelskepe. Hierdie drie is egter langs die kus van Afrika. . . waar hulle in beskutte hawens skuiling gesoek het. . . aangeval en uitgeroei, tot so 'n mate dat diegene wat hul oorblyfsels daar ontdek het, hulle skaars kon uitken.''

Weer dwaal sy oë oor die kring van kapteins. Verder oor die groot vloer van die tappery staan tafels versprei waar laggende,

geselsende en lawaaierige seerower-offisiere drink en pret maak. Hulle is onbewus van die bedrukte atmosfeer om die hooftafel van die Admiraal. Die lug is swaar van die rookdampe en die lampe skyn dof daardeur. Af en toe weerklink die hoë gelag van 'n vrou deur die vertrek en word dit gevolg deur uitgelate opmerkings van mense by die tafels.

,,Daar is iets aan die gang waarvan ek nie hou nie,'' hervat die Admiraal. ,,Ek kry die gevoel dat daar van ons mense in die rug gesteek word deur ander wat van hul bewegings bewus is. Ons moet uitvind wat dit is en dit met wortel en tak uitroei, want dit ondermyn die goeie gees van broederskap.'' Hy sug. Hy laat sy oë sak en bring die swaar beker na sy lippe. Oor die rand daarvan kyk hy weer op. ,,Ek sou langer aangehou het met hierdie onderwerp, maar daar is iets anders wat net so dringend is. Vir 'n hele paar jaar reeds geniet ons nou die goedgesindheid van die Goewerneur van de eiland Marsellas. Soos julle almal weet, is die vernaamste roete na die Ooste hier deur die kanaal van Mosambiek tussen Afrika en Madagaskar en dan noordoos na Indië en Ceylon; daarvandaan weer effens suid na Batavia. Tussen Madagaskar en Indië is daar maar 'n paar eilande waar aangedoen kan word vir verversings. Marsellas is ongeveer halfpad geleë. Ons skepe bly dikwels maande lank op see en julle sal met my saamstem dat dit 'n swaar slag vir ons sal wees as daardie hawe vir ons gesluit word.''

,,Dit sal vir die jong Raoul St. Breton ook 'n taamlike verlies wees,'' werp kaptein Oloff in. ,,Ons betaal genoeg vir die bietjie vars water en ander kosvoorrade wat ons daar kry.''

,,Ons ooreenkoms met Raoul is wedersyds voordelig,'' antwoord die Admiraal. ,,Ek is daarvan ten volle bewus. Ek het vandag van hom berig ontvang dat hy herroep is. 'n Nuwe Goewerneur word uit Frankryk gestuur. Hy is van adellike afkoms, maar 'n militêre man. . . kaptein Brisco La Fayette.''

,,Moontlik kan ons met hom ook onderhandel,'' meen een van die ander kapteins.

,,St. Breton moes uit Frankryk padgee!'' snou die Admiraal die man toe. ,,Hy het hom aan wangedrag skuldig gemaak. Maar sy familie is een van die sterkste huise in die land en hulle het dit so bewerkstellig dat hy die Goewerneurskap van Marsellas gekry het. Dit was maklik om 'n ooreenkoms met hom te tref. Dit sal 'n ander





saak wees met 'n man wat op grond van verdienstelikheid aangestel word. Brisco La Fayette is, volgens Raoul, 'n ambisieuse jongman.''

,,Hoekom word St. Breton dan nou toegelaat om terug te gaan Frankryk toe?'' verneem Oloff geselsend.

,,Sy stiefsuster . . . blykbaar is haar oë gesluit vir St. Breton se tekortkominge . . . het hom oorspronklik daarheen vergesel. Sy het nou sonder sy medewete 'n petisie na die Koninklike Hof gestuur waarin sy beweer dat hy 'n hervormde man is en sy naam is toe glo in ere herstel.'' Die Admiraal sit 'n oomblik lank stil onderwyl hy nadink. Dan kyk hy weer van die een na die ander en vervolg stadig: ,,Brisco La Fayette mag Marsellas nie bereik nie. Ek wil 'n paar vrywilligers hê. . . minstens ses. .. om hom voor te keer. Volgens die brief van St. Breton het hy Frankryk reeds verlaat. Hy behoort dus binne die volgende paar weke deur die kanaal te vaar en julle kan hom noord hiervandaan voorlê.''

,,Hoekom is daar ses van ons nodig?''

,,La Fayette is aan boord van 'n oorlogskip. Daar sal dus ook geen buit wees nie. Julle sal vir jul tyd en moeite vergoed word uit my persoonlike koffers. Ek sal dit weer deur belastings verhaal,'' sluit die Admiraal droog af.

'n Paar oomblikke van stilte volg. Kaptein Oloff kyk na sy vingers wat op die tafelblad oopgesprei is.

,,Wat is jou plan dan, Admiraal?'' verneem hy gedemp.

,,My planne is agtermekaar,'' antwoord die massiewe man vinnig. ,,Ongelukkig sal niemand behalwe die ses vrywilligers daarvan weet nie. Die omstandighede waarvan ons netnou gepraat het, genoodsaak my om elkeen te verdink. Dit is jammer dat daar so 'n toestand van sake in Deelenbaai moet heers, maar jy verstaan tog, nie waar nie, Oloff?''

,,Natuurlik!'' roep Oloff uit. ,,Ek moet jou gelukwens met jou voorsorg. Ons weet dat jy ons belange op die hart dra.''

,,Is jy gewillig om te gaan, Oloff? Jy het twee skepe. Wat van jou vriend, Henning Roux?'' Onderwyl die Admiraal praat, kyk hy oor die tafel na 'n lang, skraal kaptein aan die oorkant.

Henning Roux haal sy skouers op. Sy oë soek dié van kaptein Oloff.

,,Dit hang van Oloff af, Admiraal.''

,,Dit sal vir my onmoontlik wees,'' sê Oloff stadig. ,,Soos jy weet, was my bydraes tot jou skatkamers gedurende die afgelope jaar, dubbeld so veel as enige ander kaptein s'n. Maar op die oomblik is ek platsak. My manne is ongeduldig en kriewelrig. Om nou 'n paar weke lank op die oop see te gaan lê en wag op 'n oorlogskip, sal vir jou en vir my ernstige verliese beteken.'' Hy kyk die Admiraal veelseggend aan.

,,Dit geld vir ons almal!'' roep 'n kaptein links van die Admiraal uit. Hy het 'n wakker gesig, maar sy wangbene is hoog en sy oë is lank en nou sodat die uitdrukking daarin nie mooi gelees kan word nie. ,,Ek kan dieselfde redes aanvoer. Hierdie saak is in belang van ons almal. Daar behoort looitjies getrek te word. Enigeens wat weier om te gaan, behoort Deelenbaai in die toekoms belet te word.'' Onderwyl hy praat, rus sy oë venynig op Oloff.

,,Wil jy aan die hand doen dat ek onwillig is om my deel by te dra?'' werp Oloff gedemp terug.

,,Jy het dit reeds te kenne gegee.''

,,Ek het my omstandighede verduidelik. Jy het twee dae gelede met 'n ruim vol skatte hier aangekom. Jy kan maklik praat.''

,,Jy erken dus dat jy nie gewillig is om saam te werk nie?''

,,Ek erken niks!'' blaf Oloff. ,,En ek is ook nie van plan om toe te laat dat jy my onder kruisverhoor neem nie.''

,,Dit is nou genoeg!'' bulder die Admiraal. ,,Ons is met 'n ernstige saak doenig. Ek het nie tyd vir jul onsinnige gebabbel nie.''

,,Ek hoop,'' sê Oloff sag, ,,dat jy in aanmerking sal neem dat die oorsaak vir Mario se uitbarsting niks ernstigs is nie. Ek het al vantevore agtergekom dat hy nie daarvan hou as Delia Minard in my rigting kyk nie.''

,,Dit is 'n leuen!'' roep Mario Fouche briesend uit. Hy het half orent gekom en sy regterhand vou om sy swaardhef.

Oloff sit terug. Hy glimlag en maak 'n verontskuldigende gebaar.

,,Dit is taamlik duidelik, nie waar nie?'' sê hy hier in die Admiraal se oor. Die groot man met die woeste bos baard swaai in Mario se rigting. Sy oë blits gevaarlik.

,,Ek sien jy gryp na jou swaard, Mario,'' merk hy nogtans bedaard op. ,,Ek is seker dat Oloff nie sal omgee om saam met jou die tafel te verlaat nie.''





Mario Fouche verslap stadig. Hy wend sy blik van die ander af en kyk nors voor hom op die tafel.

,,In daardie geval kan ons voortgaan,'' hervat die Admiraal. ,,Ek wag vir ses vrywilligers.''

'n Paar minute later versoek hy die orige lede van die geselskap om die tafel te verlaat. Om hom is ses man geskaar en hul koppe is dig bymekaar.

Kaptein Oloff stap tussen die tafels deur na die trappe wat opgaan na die straat voor die Hanekraai. Langs hom is die lang Henning Roux.

Bo-op die trappe kyk hulle terug na die groot ovaaltafel. Die bekendste kaptein daar by die Admiraal is Fernando Gonzalves, 'n Spanjaard met 'n groot, swart snor. Heelwaarskynlik sal hy gekies word om die ekspedisie te lei.

,,Ons skep net 'n bietjie vars lug, Henning,'' sê Oloff onderwyl hy die swaaideur oopstoot en uitstap. Buitekant haal hy diep asem en draai na sy vriend toe wat volg. ,,Ek gaan weer terug. Ek sal graag wil uitvind wat die Admiraal se planne is.''

Hulle staan 'n rukkie stil sonder om te praat. Hulle kyk op en af in die sanderige hoofstraat van Deelenbaai. Links van hulle is die gespoel van branders op die wit strand en daaragter sien hulle die enkele lampe op die skepe in die donker hawe.

Deelenbaai is 'n seerowernes. Na lang reise kom die seerowers hierheen terug om te rus. Eers word 'n gedeelte van die swaar vragte buit in die Admiraal se koffers gestort en dan kan die bemanning ontspan met meer geld as wat hulle nuttig kan spandeer. Deelenbaai het 'n taamlike groot vaste bevolking, want talle van die seerowers het huise gebou vir hul vrouens en kinders. Rondom die klein stad is uitgebreide landerye en boorde want honderde slawe—gewoonlik die bemanning van gebuite skepe—word gebruik om die kosvoorraad van die baai te voorsien.

Die middestad bestaan uit talle groot, lomp vierkantige geboue. Dit is die verblyfplek vir die honderde matrose. Daar is ook tapperye en wynhuise waar vrouens die seeliede met dans en sang vermaak. Woeste tonele speel gereeld hier af, want die enigste soort mense wat ooit vryelik in Deelenbaai beweeg, is skurke en moordenaars.

Die Admiraal regeer die gemeenskap met 'n ysterhand. Hy lê die

wet neer wat orde in die onwettige bestaan moet handhaaf. Die kapteins ding mee om aan sy regterhand by die groot ovaaltafel te sit, want dit is die hoogste eer—volgens Deelenbaai-standaarde—wat enigeen aangedoen kan word. Dit maak so 'n persoon ook die tweede burger van die stad.

'n Rukkie later keer die twee mans terug na die tappery. Daar binne gaan hulle uitmekaar en Oloff stap teen die muur af tot langs die lang toonbank. Hier bestel hy 'n glasie wyn en dan slenter hy in een van die gange af. Aan weerskante daarvan is afskortings met swaar gordyne daarvoor. Daaragter hoor hy die gelag van mans en vrouens. Hier by die afgesonderde tafels is 'n mens weg van die lawaai van die hoofvertrek indien jy besigheid het om te gesels of om ander redes privaat wil wees.

Waar die gordyne by party van die hokkies nie toegetrek is nie, roep sommige hom vrolik toe. Hy antwoord met 'n wuif van sy hand. In die publiek is kaptein Oloff 'n populêre man omdat hy aan die regterhand van die Admiraal sit.

,,Kaptein Oloff!'' die stem is sag en hees en dit kom agter helderrooi gordyne uit wat nie heeltemal toegetrek is nie. Die lamp op die klein tafel is laag gedraai en werp net 'n dowwe gloed op die sagte kussings van die rusbank teen die muur.

Hy trek die gordyn wyd oop en gaan binne. Hy sit die glas wyn op die tafel neer en maak 'n ligte buiging.

,,Het jy geroep?''

,,Ek het.'' Delia Minard se hand rus in haar skoot waar sy teen die kussings terugleun. Haar donker gelaat is amper onsigbaar as gevolg van die lang swart lokke wat weerskante van haar gesig afhang. Die rok wat sy aanhet is van die duurste materiaal en is heelwaarskynlik 'n paar maande vantevore nog in 'n Koninklike Hof in Europa gedra. Dit sal 'n geskenk wees van Mario Fouche. ,,Hoekom trek jy die gordyne oop, Oloff?''

,,Wat anders?'' vra hy doodluiters.

,,Hoekom is jy so koel teenoor my?''

,,Koel?'' Oloff glimlag. ,,Die alternatief is dat ek die koudheid van staal voel. Mario sal. . .''

,,Mario!'' roep sy uit onderwyl sy vinnig opstaan en tot voor hom kom. ,,Is jy bang vir Mario?''

,,Ek is nie bang vir hom nie, Delia.'' Hy tel die glas op en maak





sy lippe nat met die wyn. Dan sit hy dit weer terug.

,,Wat is dit dan, Oloff?'' Haar donker oë is digby syne. Sy kyk smekend na hom. ,,Jy weet dat ek jou lief het, Oloff. Daar is geen ander man wat ek begeer nie.''

,,Jy behoort aan Mario, Delia.''

Sy swaai vererg van hom af weg. Sy leun half teen die tafel en haar kop is geboë. ,,Omdat ek op 'n skip was wat deur hom aangeval is,'' sê sy gedemp. ,,En omdat hy my hierheen gebring het, beteken dit dat ek aan hom behoort? Mag niemand anders nou na my kyk nie? Is dit altyd net: Mario! Mario!'' Sy draai om en staan weer hier dig teen hom aan. ,,Ek haat hom, Oloff.''

Hy haal sy skouers op. Hy wil effens terugstaan, maar haar hand klem om sy arm.

,,Luister, Oloff,'' hervat sy dringend. ,,Jy is die magtigste man in Deelenbaai. Jy is die beste swaardvegter. Niemand sal hom teen jou durf verset nie. Mario het my duur geskenke gegee. Dit is alles vir jou, Oloff. Jy kan met hom onderhandel. Hy sal jou nie teëgaan nie. Hy sal dit nie durf doen nie.''

,,Hy sal jou nooit verkoop nie, Delia,'' verseker Oloff haar. ,,Hy sal liewer sterf as om jou aan my af te gee.''

,,Dit is nie dit nie.'' Sy tree van hom af terug. Haar oë vlam van 'n nuwe gewaarwording. ,,Dit is nie dit nie, Oloff. Delia Minard is nie goed genoeg vir jou nie. Jy stap hier in Deelenbaai rond asof jy 'n koning is. Nooit kyk jy na een van die meisies nie. Nooit drink jy te veel nie. Wie dink jy dalk is jy? Ek. . .''

Oloff sien haar oë vinnig oor sy skouer flits. Hy besef dat daar iemand agter hom is, maar selfs voordat hy kan omdraai, hervat sy bitsig: ,,Jy probeer jou gedurig op my afdring. Hoeveel keer het ek jou nie al gesê om van my af weg te bly nie!''

Oloff hoor die grom van woede agter hom. Skielik raap hy homself op en spring na die linkerkant toe sodat hy half agter die gordyn te staan kom. In die lug draai hy om en as sy voete grondvat, kyk hy na Mario Fouche waar hy in die gang staan.

Reeds het hy die geskuur van staal gehoor en nou dryf die swaardpunt op hom af. Sy linkerhand swaai voor hom in en gryp na die vou van die gordyn. Hy ruk dit oor die swaard en in Mario se gesig. Dan spring hy in die gang en het hy ook sy swaard in die regterhand. Met 'n gil van frustrasie, storm Fouche op hom af.

Oloff kap met sy swaard na die linkerkant toe en Fouche se wapen skuur daarteen af sodat die punt hier langs Oloff se sy verby dryf. Daardie oomblik sou dit die maklikste ding in die wêreld gewees het om sy regterarm terug te ruk en sy aanvaller te deurboor. Dit is vir hom duidelik dat Mario Fouche blind is van die woede en onoordeelkundig veg.

'n Paar uitroepe van verbasing maak hom daarvan bewus dat meeste van die mans wat hier tussen die afskortings deur na die skielike rumoer in die gang, kyk, agtergekom het dat hy Mario se lewe gespaar het. Hy glimlag onderwyl hy 'n tree terugstaan.

Mario Fouche gluur hom hygend aan. Blykbaar het die man ook agtergekom dat hy 'n fout gemaak het en dat dit sy lewe kon beteken het. Maar dan dryf die vernedering van Oloff se optrede hom aan.

,,Hiervoor sal jy sterf, Oloff!'' sis hy deur sy tande en sonder meer buig sy lenige liggaam vooroor onderwyl hy 'n steek na Oloff se maag mik. Onverwags ruk die swaardpunt op, maar Oloff swaai sy wapen onder die ander in sodat hy dit met 'n slag van onder af tref en die staallem rakelings oor sy skouer verbyglip. Rats spring Mario terug en oombliklik dryf hy weer vorentoe. Oloff hou sy arm styf en gespanne en laat net sy gewrig beweeg. Hy kap vinnig na weerskante toe. Skielik skiet sy arm reguit en sy swaardpunt raak aan die ander man se bors. Mario deins terug.

Delia Minard staan reeds langs die tafel. Sy het nog nie 'n geluid geuiter sedert Mario en Oloff aanmekaar gespring het nie. Die vingers van haar regterhand klou senuweeagtig aan die hals van haar rok.

In die gang voor en agter hulle vergader 'n skaar. Hulle aanskou die vegtendes stilswyend. Daar is net 'n gefluister soos die voorstes die agterstes vertel hoe die geveg ontstaan het.

,,Luister, Mario,'' sê Oloff kalm. ,,Jy verkeer onder 'n misverstand. Ek het niks met Delia uit te waai nie.''

,,Dit kan my nie skeel nie!'' snou die ander terug. ,,Jy sterf vanaand!''

Oloff haal sy skouers op. Hy wil nie graag hierdie man doodmaak nie. Hy weet dat Mario Fouche afgunstig is op sy ere-posisie en dit is nie die eerste keer dat Delia Minard na Oloff se kant toe gekyk het nie. Hy het egter nie vantevore besef in hoe 'n





mate dit Mario se haat teen hom aangepor het nie.

,,As ek vanaand moet sterf, Mario,'' sê hy sag, ,,sal dit nie deur jou toedoen wees nie,.''

Onverwags storm Fouche weer op hom af. Die woede is terug in sy blik. Hy haal hard asem, half grommend soos 'n dier, en Oloff besef dat hy sy selfbeheer heeltemal kwytgeraak het. Hy weer die houe maklik af onderwyl hy sy teenstander fyn dophou.

As Mario weer vorentoe spring, kap Oloff hard boontoe. Hy draai sy gewrig en dit is asof die vlymskerp staallem om die ander swaard krul. Oloff ruk hard en Mario se wapen vlieg uit sy greep sodat dit tot bo teen die plafon vasgeslinger word. Fouche staan verslae stil. Sy arms hang slap langs sy sye.

Meteens lag Oloff hard. Hy tree vorentoe en onderwyl hy sy swaard na sy linkerhand versit, klop hy die ander op die skouer.

,,Dit is 'n belaglike affêre, Mario!'' roep hy uit. ,,Kom, ons vergeet daarvan.''

Die ander man ruk sy skouer weg. Maar dan steek Oloff se luim die toeskouers aan. 'n Paar druk tussen Oloff en Mario in en van alle kante af is daar geestige uitroepe.

,,Hoekom kies jy nie jou portuur as jy wil speel nie, Mario?''

,,Ek sal jou môre-oggend 'n paar lesse in die skermkuns gee.''

,,Jy moet 'n langer swaard kry, Mario.''

Oloff steek sy swaard in die skede terug. hy kan Delia Minard nog daar agter die gordyn sien staan. Haar kop is geboë. Dan tree sy stadig terug en gaan op die rusbank sit asof sy haar so onopsigtelik as moontlik wil maak. Hy kan nie agterkom wat daar in haar gemoed omgaan nie.

Hy haal sy skouers op. So ver dit hom aangaan, wil hy graag moeilikheid hier in Deelenbaai vermy. Mario Fouche sal gou genoeg agterkom dat hy niks met Delia te doen het nie.